

Standpunt

Die Nasionale Stelsel van Innovasie: 'n haalbare droom vir 'n wen-land?

Suid-Afrika is berug vir sy swak posisie in die rangorde van lande wanneer hulle vergelyk word in terme van hulle internasionale mededingendheid.¹ Wat selfs meer ontstellend is, is dat ons nie net van die laagste sporte op die leer beklee nie, maar inderdaad oor die afgelope vyf jaar besig was om gedurig afwaarts te gly ten opsigte van alle kriteria, behalwe dié van demokratisering van die regering en van infrastruktuur, waar ons 'n geringe verbetering beleef het. Wat die kundigheid, vaardigheid en opleidingstandaard van ons mense betref, staan ons nou al vyf jare heel onder in posisie 46.

Ware nuwe welvaart word alleen geskep deur wetenskaplike-technologiese innovasie. Alle ander aktiwiteite van die mense van 'n land is net doenig om die welvaart wat reeds deur innovasie geskep was, aan te wend of te herverdeel. Hierdie naakte werklikheid kan ongelukkig nie weggeredeneer, ontduik of verdoesel word nie en is dus vir menige van ons politieke besluitnemers en die oningeligte publiek 'n onaangenaamheid wat hulle liefs ignoreer. Dit staan egter vas, net soos die feit dat hierdie lewensnoodsaaklike innovasie net kan floreer indien die regte milieu daarvoor geskep en onderhou word in die volkshuishouding en sy strukture. Hierdie milieu berus op veral twee dinge - 'n kritiese massa goed opgeleide en gemotiveerde wetenskaplikes (o wee, en ons bevind ons in posisie 46!) en die standaard van ons wetenskap en tegnologie waar ons van posisie 28 in 1994 teruggegly het na posisie 37 in 1997, deur 'n hele nege lande verbygesteek!

Dat iets drasties en vinnig gedoen sal moet word, is duidelik, anders volg ons die res van Afrika in die duisternis van totale onmededingendheid in!

Die naam en funksies van die nuwe Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DKKWT) wat met totstandkoming van die Regering van Nasionale Eenheid geskep is, is egter tekenend van die algemene gesindheid en gebrek aan besef van ons politieke besluitnemers oor die erns van die toestand van ons wetenskap en tegnologie. Met kuns en kultuur as eerste en belangrikste prioriteite bly daar maar min kans oor vir die daadwerklike skepping van 'n nuwe wetenskap- en tegnologiestelsel! Kuns en kultuur verdien tereg sy eie plek in ons aktiwiteite, maar dan sekondêr tot die skepping van mededingendheid, nie andersom nie.

Tot die verbasing van vele het hierdie klein, onervare nuwe Departement dit tog reggekry om in die kort tyd van sy bestaan eers 'n Groenskrif, gevolg deur 'n Witskrif² oor dié onderwerp die lig te laat sien, laasgenoemde met die grootse visie van die skepping van 'n Nasionale Stelsel van Innovasie (NSI). So 'n stelsel sou alle instansies en persone wat betrokke is by die skepping van nuwe kennis, navorsing en die toepassing daarvan, optimaal integreer, stimuleer en bestuur, om sodoende Suid-Afrika in 'n mededingende wen-land te omskep. Die visie is ambisieus en baie aantreklik, maar ongelukkig is die Witskrif baie vaag wanneer dit by die hoe-, die wanneer- en die wie-aspekte kom. Dit verval dan op die einde net maar weer in 'n geykte voorgename herrangskikking van die wetenskapsrade, wat alleen 'n klein element van die stelsel uitmaak. Die res van die navorsingsmasjien word in algemene terme genoem en bespreek, maar dit is duidelik dat die DKKWT nie die mandaat of mag het om in te gryp in die tersiêre onderwysstelsel, die Staatskorporasies, die Lyndepartemente se eie navorsingsinstitute

en kommissies nie en allermens in die privaat sektor, met sy eie problematiek van industriële geheimhouding, e.d.m. So word daar weereens na die maklike identifiseerbare en opsigtelik bekende element gemik, naamlik die agt Wetenskapsrade en hulle relatief onbeduidende begroting. Hierdie begroting, wat verkeerdelik die "Wetenskapsbegroting" genoem word, is kleiner as die navorsingsbegroting wat deur subsidies na die universiteite vloei en heeltemal onbeduidend langs dié van die Staatskorporasies en die nywerheid betrokke in navorsing en ontwikkeling.

Dit is dus duidelik dat die daarstelling van die NSI 'n groot stap voorwaarts sou wees, maar ek is bevrees dat, omdat net met 'n klein onderdeel van die stelsel gewerk word, dit nie haalbaar is nie. Daar is nog 'n ander, groter struikelblok, naamlik die terugsnijding en rasionalisasie by die universiteite en veral die akademiese hospitaalkomplekse. Dit hou niks goed in vir ons toekomstige mededingendheid nie wat, soos reeds aangetoon, net kan ontwikkel in die regte navorsingsmilieu, waarvoor geld en menslike kennis en vaardighede so krities noodsaaklik is.

Die Witskrif word tans opgevolg deur twee wetsontwerpe, naamlik die Wet op die Nasionale Adviesraad vir Innovasie (NAI) en die Wet op die Nasionale Navorsingstigting (NNS). Hierdie is twee nuwe statutêre liggamme wat binnekort tot stand sal kom, eersgenoemde met 'n rol min of meer soos dié van die Wetenskaplike Adviesraad van die verlede, maar oënskynlik met te min magte om werklik konstruktief te wees. Die tweede is 'n Raad vir die befondsing van navorsing aan die universiteite en teknikons (sg. agentskapbefondsing) en sal prakties ontstaan deur samevoeging van die bestaande Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) wat as eie entiteit sal verdwyn en die Stigting vir Wetenskapsontwikkeling (SWO) van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). Die sentrale idee is om alle "agentskapbefondsing" onder een dak te bring met een homogene beoordelings- en werkswyse. Wat minder logies en aanvaarbaar is, is dat die NNF een president en vier (in die toekoms selfs vyf) vise-presidente sal hê, elk vir 'n vertakking van die Wetenskap en elk met 'n eie infrastruktuur. Hoeveel van die beskikbare fondse wel by die navorsers self sal uitkom met hierdie groot oorhoofse onkoste, is die vraag. Daar word egter inderhaas voortgegaan en die Wetsontwerp sal in September 1997 reeds deur die betrokke Portefeuljekomitee van die Parlement behandel word vir voorlegging. Intussen word die ander 7 Wetenskapsrade en die Nasionale Fasiliteite (Hartbeeshoek, die Nasionale Versneller, e.d.m.) elk onderwerp aan 'n deurgrondelike hersieningsproses deur spesiaal saamgestelde eweknie- evalueringspanele wat wetenskaplikes en kundiges van ander lande insluit. Hierdie ondersoekte, wat aan die einde van hierdie jaar voltooi sal wees, sal dan inligting verskaf vir verdere rasionalisering. Al hierdie herorganisasie sal egter nie nuwe wetenskaplike mensekrag en loopbane skep nie en ook waarskynlik nie nuwe fondse en hulpbronne aan die stelsel voorsien nie, maar alleen lei tot 'n herrangskikking van die bestaande.

Intussen is daar in die opvoedkunde ook min tekens van die besef dat wetenskapsonderrig die hoogste prioriteit moet geniet. Meer ontstellend in hierdie verband is die nuwe "Kurrikulum 2005" wat beoog word en wat die klem sal lê op die verstaan

van die waardes in die wetenskap eerder as wetenskaplike kennis. Terwyl ons dus die pragtige dak van die NSI op ons wetenskapgebou wil plaas, is ons fundamente in die onderwys besig om te verkrummel.

Om op te som, die nuwe ideaal van 'n NSI is baie welkom en 'n groot stap vooruit, maar die tekens vir die praktiese verwesenliking daarvan is nie goed nie. My voorspelling is ongelukkig dat die posisie van Suid-Afrika op die mededingendheidsleer in die nabye toekoms nie veel sal verbeter nie. Ek hoop ek word verkeerd bewys.

VERWYSINGS

1. *World Competitiveness Report 1997*, IMD, Lausanne, Switzerland.
2. *White Paper on Science and Technology: Preparing for the 21st Century*. Department of Arts, Culture, Science and Technology. Sept. 1996, Pretoria.

O.W. PROZESKY

Mediese Navorsingsraad, Posbus 19070, Tygerberg, 7505

**INDIEN U DRUKWERK 'N
NAGMERRIE IS – KOM SPREEK
ONS EN ONS SAL DIT UITSKAKEL
MET KWALITEIT DRUKWERK EN
UITSTEKENDE DIENS**

Drukwerk is ons erns!

V & R

DRUKKERY (EDMS) BPK

Paul Krugerstraat 39, Pretoria 0002

Posbus 53, Pretoria 0001

Tel: (012) 328-7180

Faks: (012) 323-1274

PRINTING WORKS (PTY) LTD

39 Paul Kruger Street, Pretoria 0002

P O Box 53, Pretoria 0001

Tel: (012) 328-7180

Fax: (012) 323-1274